MEGANIESE OES VAN WYNDRUIWE

7. OMSKAKELING VAN BESTAANDE WINGERDE VIR MEGANIESE OES

Indien daar ouer, sterkgroeiende wingerde is wat nog 'n verwagte leettyd van ten minste 10 jaar het, kan dit oorweeg word om die opleistelsels om te skakel na 'n stelsel wat meganiese oes of selfs snoei kan toelaat.

7.1 Voorvereistes vir omskakeling

- Die bostok-kultivar moet nog in aanvraag wees.
- Die stokke moet visueel vry wees van virussiektes.
- Daar moet geen simptome van bogrondse en ondergrondse houtverrottingswamme voorkom nie.
- Die kultivar- en onderstokkombinasie moet nog 'n sterk groeikrag hê.
- Die wingerduitleg moet geskik wees vir meganiese oes. Verwys na bladskrif nommer ses vir spesifikasies.

7.2 Bosstok omskakeling

Sterkgroeiende bosstokke kan heel gerieflik oor 'n periode van drie jaar omgeskakel word na 'n opleistelsel wat meganies geoes kan word.

Eerste jaar:

- Tydens die winter word die opleipale geplant (6 m uitmekaar) en 'n kordondraad minstens 900 mm bo die grond gespan. Ankers en ankerpale moet stewig gevestig word.
- Die regopste winterloot word gekies, deur die eerste nodium bokant die draad gesny en stewig aan die draad vasgemaak. Dit is belangrik dat hierdie loot by die snit 'n deursnit van minstens 'n potlood (7 mm) het. Hoe laer hierdie loot uit die bosstok kan kom, hoe beter. Sterkgroeiende lote vanuit die kroon geniet voorkeur.
- Waak teen krom of uitermatige skewe stamme – hoe krommer die stam is hoe meer skade en verliese sal daar wees.
- Die res van die bosstok word behou om vir nog 'n seisoen 'n oes te kan lewer.
- Na bot kan twee lote wat uit die vasgemaakte loot uitbot op die nuwe kordondraad as kordonne ontwikkel word.
- Hierdie lote kan in die seisoen getop word wanneer die naasliggende stokke se lote sowat 300 mm verby mekaar gegroei het. Na hierdie aksie sal sylote begin ontwikkel wat in die winter as draers gesnoei kan word.
- Die sy-lote naaste aan die stamloot (ou hout), sal die sterkste groei en moet op sowat 300 mm getip word sodat die res van die sy-lote kans kan kry om by te kom. Op hierdie stadium word die sy-lote wat aan die onderkant van die kordonlote uitkom, verwyder.

Tweede jaar:

- Tydens snoeityd moet alle oorblywende arms van die bosstok verwyder word.
- Die laasgenoemde aksie moet nie in reën geskied nie.
- Maak alle wonde met 'n geskikte wondbedekkingsmiddel toe om tandpyn te voorkom.
- Die nuwe kordonlote is in effek langdraers. Hulle sy-lote word na een-oog draers teruggesny indien chemiese rusbrekers nie gebruik word nie, of glad weggesny indien rusbrekermiddels toegedien gaan word. Die een-oog draers word verwyder sodra die okseloog gebot het.
- Verleng die kordonlote volgens die "tappie-leier-dood" metode waar daar gapings op die kordondraad is.
- Alle botsels op die ou bosstok moet sorgvuldig weggesuier word.
- Spasieer ook waar nodig die draerposisies op die kordonarms.
- Die stokke sal in die seisoen nog nie ten volle in produksie wees nie, maar sal wel al 'n oes oplewer.

Derde jaar:

- Snoei die stokke met twee-oog draers. Indien die lote nie potlooddikte bereik het nie, moet hulle met een-oog draers gesny word.
- In die seisoen behoort die stokke in volle produksie te wees en die oes behoort hoër te wees as wat die bosstokke gelewer het.

7.3 Gewel- en skuinskapprieël omskakeling

Langs die Olifantsrivier, asook die Oranjerivier is daar gewel- en skuinskapwingerde wat omgeskakel is om meganies geoes te kan word. Die kappe en loofdrade word verwyder en die oorspronklike kordonne word behou waar daar van enkel-kordonne gebruik gemaak is. Dikwels moet die kordonne met regstellende snoei-aksies vervang en/of vernuwe word, veral waar daar van dubbel-kordonne gebruik gemaak is. In die meeste gevalle word die wingerde dan volgens die vryloot-stelsel verbou.

Effek op oesgrootte:

- Nie 'n noemenswaardige afname in oes nie, kan selfs verhoog.
- Gaan gewoonlik gepaard met meganiese snoei.
- Verwydering van arms of kerse word voor gekompenseer deur alle moontlike draers te los, insluitend langdraers.

Let verder op na die volgende waar hierdie omskakelings oorweeg word:

- Die maksimum hoogte vir die omgeskakelde stelsel is ongeveer 2 m, anders kan dit nie meganies geoes word nie.
- In die eerste jaar wat die omgeskakelde wingerd meganies geoes word, kan dit 'n groot hoeveelheid materiaal anders as druiwe oplewer.